basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## FEBRUARIE/MAART 2018

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 41 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN** | | |
| **Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 4 |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 8 |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 13 |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 17 |
| **AFDELING B: DRAMA** | | |
| **Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 21 |
| 6. *Paljas* | 35 | 25 |
| 7. *Fiela se Kind – Die Drama* | 35 | 29 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE** | | |
| **Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Roep van die vleikuiken" | 18 | 33 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Die ballade van Robbie de Wee" | 17 | 35 |
| **AFDELING D: GEDIGTE** | | |
| **Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Huiskat" | 17 | 38 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Die boodskapper" | 18 | 39 |


Kopiereg voorbehou

**NASIENRIGLYNE**

- As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd beskou. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde met Engelse woorde in gee, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. 'n Uitsondering is die Engelse terminologie of woordeskat in die voorgeskrewe werke.
- Indien ironie, vergelyking en kontras gevra word, verdien die kandidaat 2 punte of geen punte nie omdat twee kante vir 2 punte gestel moet word.
- Indien 'n verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is. Moenie slegs die eerste sin nasien nie.
- By aanhalings moet opdragte uitgevoer word, byvoorbeeld EEN WOORD beteken slegs een woord. Dit kan uitgelig word (aanhalingstekens, hoofletters, geglim, onderstreep).
- Indien die kandidaat twee of meer feite moet gee, kan dit in ('n) sin(ne) of met koeëlpunt gegee word. Sien slegs 1 feit per koeëlpunt na indien 2 feite by een koeëlpunt gegee is.

## AFDELING A: ROMAN

## VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.1 | • Saul se/Sy pa het hom weggejaag.<br>• Saul wou nie langer 'n pad loop wat nêrens heen lei nie.<br>• Saul/Hy wou geld verdien (om op die skip te kon weggaan).<br>• MacDonald het lank terug al vir Saul gevra of hy nie by hom wou kom werk nie.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 1 |
| | | | |
| 1.2 | Saul/Hy ...<br>• is nie menswaardig behandel nie/sleg behandel/het min kos gekry/is nie betaal nie.<br>• het alleen gevoel.<br>• het na die Bos verlang.<br>• het sy mense se verwerping aangevoel.<br>• en Kate is van mekaar af weggehou.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.3 | • D<br>• Dit druk Saul se verlange na Kate uit.<br>• D Dit druk Saul se verlange na Kate uit.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.4 | gelewe | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.5 | Saul/Hy kon ...<br>• MacDonald/die skewe sirkel verstaan.<br>• hom op sosiale vlak beter uitdruk/ by die ryk Engelse/Engelse kultuur inpas/in die toekoms Engels gebruik.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.6.1 | geklassifiseer | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.6.2 | uitmekaargehou | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.7 | Kate ...<br>• was nuuskierig oor Saul/Saul se lewe/ het van Saul gehou.<br>• wou meer oor die Bos.<br>• het haar hart gevolg.<br>• was nie so bevooroordeeld soos haar pa nie.<br>• was ongehoorsaam/het haar nie aan reëls gesteur nie/was hardkoppig.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.8.1 | Saul het MacDonald met 'n kluit gegooi. | 1 | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.8.2 | Saul het ...<br>• sy goed gevat en geloop.<br>• nie meer by MacDonald/daar gewerk nie (werkloos).<br><br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.9.1 | • C<br>• MacDonald<br>• C MacDonald<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.9.2 | • E<br>• Joram<br>• E Joram<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.9.3 | • A<br>• Kate<br>• A Kate<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.9.4 | • D<br>• Jozef<br>• D Jozef<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.10 | Saul sou ...<br>• met geld betaal.<br>• 'n regverdige prys vir die hout (waarvoor hy gevra het), betaal<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.11 | • Saul en Kate het by mekaar uitgekom/'n verhouding gehad/Kate was toe deel van sy lewe/Saul se eensaamheid was verby.<br>• Kate het haar hoekerf vir Saul aangebied sodat Saul nie sou weggaan nie/by haar sou bly.<br>• Daar was nie meer 'n streep wat hom en Kate sou skei nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.12 | (In) Meulbos | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.13 | Kate/Sy het vir die delwers se kinders skoolgehou. | 1 | 2 |
| | | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.14 | Kate ...<br>• was bereid om in die Bos te gaan bly.<br>• was bereid om saam met Saul in 'n skerm te bly.<br>• sou haar werk (as onderwyseres) bedank.<br>• was bereid om van haar familie vervreemd te wees.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.15 | Die Bosmense het Saul blameer dat hy ...<br>• opstandig teenoor sy pa was/hy nie hout wou kap nie.<br>• sy rug op die Bosmense gedraai het.<br>• op die Bosmense gespioeneer het/hulle verraai het (olifanttande)<br>• verantwoordelik vir Arend se dood was.<br>• by MacDonald/die vyand gaan werk het.<br>(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde) | 3 | 1 |
| | | | |
| 1.16 | • C<br>• saam vir Oupoot gesien het.<br>• C saam vir Oupoot gesien het.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.17 | • Om vir Saul te sê/te oortuig dat hy in die Bos pas of moes bly.<br>• Om Saul te laat insien dat hy nie kon weggaan nie./Sy wou nie hê Saul moet weggaan nie.<br>• Om Saul te laat besef dat die Bos hom nodig het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.18 | innerlike | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.19.1 | Die houtkappers | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.19.2 | Die delwers | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.20 | Ja.<br>• Kate het besef sy is lief vir Saul.<br>• Kate het besef hoe lief Saul vir die Bos was.<br>• Kate het besef dat Saul iets moes besit om iewers te hoort.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Kate het lankal hierdie besluit geneem.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.21 | Saul het ...<br>• nie in daardie situasie net aan homself gedink nie.<br>• aan Kate se veiligheid/werk/toekoms/familie gedink.<br>• geweet dat dit vir Kate probleme sou veroorsaak.<br>• geweet hoe dit voel as jou familie teen jou draai.<br>• Geweet die elwe in die Bos was nie maklik nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.22 | • Saul het geweier om die kalander af te kap.<br>• Saul het as houtkneg by MacDonald gewerk.<br>• Saul het die delwers saam met wie hy gewerk het, geleer om die Bos te respekteer.<br>• Saul het besluit om slegs hout te koop waarop die boswagter se merk was. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| | | | |
| 1.23 | • Mense vernietig vandag nog die natuur vir eie gewin.<br>• Daar sal altyd mense wees wat die natuur vernietig om aan die lewe te bly.<br>• Daar sal altyd mense wees wat die natuur verwoes om ryk te word.<br>• In vandag se samelewing is daar steeds mense wat deur ander uitgebuit word en mense wat net hulself wil verryk.<br>• Korrupsie/armoede is aan die orde van die dag.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | **[35]** | |

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Gavin (s'n)/Gavin se geleende motor/rooi MG. | 1 | 1 |
| | | | |
| 2.2.1 | • Klere wat hom soos 'n man sou laat lyk/wat mans dra<br>• Klere wat hom groot en sterk/soos 'n bosbouer laat lyk het<br>• Nie die soort klere wat Gavin gewoonlik gedra het nie<br>• Geruite hemp/koordferweellangbroek<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 2.2.2 | • Gavin het gedink dit is afskuwelike/lelike klere.<br>• Gavin het gedink die klere laat hom soos 'n bosbouer lyk.<br>• Gavin het nie gewoonlik sulke klere gedra nie/het nie van die klere gehou nie/het 'n fyner kleresmaak gehad/was 'n modeontwerper.<br>• Gavin se klere was in die motor wat vasgesit het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 2.3 | • Dit het (baie) gereën.<br>• Die pad/drif het verspoel.<br>• Hulle het nie kontak met die buitewêreld gehad nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 2.4 | verskille | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.5 | • B<br>• dramatiese<br>• B dramatiese<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.6 | • Dit brei uit op wat Hanna reeds dink.<br>• Dit onderbreek Hanna se gedagtes.<br>• Dit skep die idee dat Hanna met haarself praat.<br>• Dit dui op Hanna se negatiewe houding teenoor Margot.<br>• Dit verklap iets van Hanna se storie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.7 | Mana kon ...<br>• bang wees dat Margot vir Beyers sou afrokkel.<br>• jaloers op Margot wees, m.a.w. geïntimideerd voel.<br>• geïrriteerd wees omdat Margot nie haar kos wou eet/wou help in die huis nie.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 3 | 1 |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.8 | Margot het ...<br>• met Ditjie/die baba se geboorte gehelp.<br>• die leiding geneem tydens Ditjie/die baba se geboorte.<br>• haar naels afgeknip om met Ditjie se geboorte te help.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 2.9.1 | • D<br>• Gavin<br>• D Gavin<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.9.2 | • E<br>• Yann<br>• E Yann<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.9.3 | • A<br>• Margot<br>• A Margot<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.9.4 | • C<br>• Sharon<br>• C Sharon<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.10 | • Hanna en Gavin kon mekaar leer ken/vrede maak.<br>• Gavin het Hanna se verjaardag spesiaal gemaak.<br>• Terwyl Gavin daar was, het almal gelag/was almal vrolik.<br>• Gavin se besoek het Hanna positief oor haarself laat voel/vroliker laat voel.<br>• Hanna kon sien dat Gavin haar aanvaar het/omgegee het.<br>• Hanna kon self by Gavin hoor wat hy van haar gedink het by haar geboorte/die naam wat hy vir haar sou gee.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.11 | • Die gesin het dinge saamgedoen.<br>• Die kinders het met mekaar gepraat/nie die hele tyd baklei nie.<br>• Hulle het mekaar beter verstaan/beter leer ken.<br>• Hulle het meer begrip vir mekaar gehad.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.12 | • Daar is tieners wat ook soos Hanna 'n stiefpa/stiefma/ stiefouers het.<br>• Sommige tieners het ook afwesige pa's/ma's/ouers.<br>• Tieners is soms skaam vir hulle ouers/omstandighede.<br>• Daar is tieners wat ook soos Hanna in 'n verbeeldingswêreld/met 'na alter ego leef.<br>• Tieners sit dikwels met baie vrae, net soos Hanna.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br>Hanteer hierdie vraag met diskresie: Die nasiener moet vra: Is die stelling wat die kandidaat gee, akkuraat oor Hanna en haar lewe en sou tieners oor die algemeen daarmee kon identifiseer.) | 1 | 4 |
| | | | |
| 2.13 | Margot/Sy het 'n rol in 'n TV-reeks gehad/gespeel. | 1 | 1 |
| | | | |
| 2.14 | • A<br>• sarkasties.<br>• A sarkasties.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.15.1 | • Gavin was gay/homoseksueel.<br>• Gavin was "glamorous".<br>• Gavin het dinge gedoen wat vroue gewoonlik doen/grimering gedra.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br>(Aanvaar *'n moffie)* | 1 | 2 |
| | | | |
| 2.15.2 | • Margot het daarvan gehou om bedien te word.<br>• Margot het haar nie met die gewone takies van vroue bemoei nie.<br>• Beyers het daarna verwys dat Margot haar soos 'n koningin sou gedra.<br>• Margot het van aandag gehou.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 2.16 | realistiese | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.17.1 | opreg | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.17.2 | menslik | 1 | 3 |
| | | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.18 | Ons kan aflei dat Margot ...<br>• verbaas/verstom/geskok oor Gavin se kompliment was.<br>• nie gedink het dat Gavin iets moois oor haar sou sê nie.<br>• emosioneel/aangedaan was.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.19 | • Hanna het ook probeer om iemand anders te wees/'n alter ego gehad.<br>• In haar verbeelding het Hanna iemand anders se identiteit aangeneem (Fabienne).<br>• Hanna wou nie haar omstandighede/haarself aanvaar nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.20 | • Mana en haar gesin het op die berg aangekom vir die beplande "wittebrood".<br>• Die bedorwe brokkie uit Hollywood het in die gietende reën opgedaag.<br>• Die modepop van Johannesburg het vol modder by Hanna-hulle aangekom.<br>• Ditjie het haar opwagting heel onverwags gemaak. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| | | | |
| 2.21 | Margot het agtergekom dat ...<br>• 'n ma die middelpunt/hart van haar gesin is.<br>• 'n ma nie afwesig behoort te wees nie.<br>• sy die tyd saam met haar kinders geniet het.<br>• haar kinders haar gemis het.<br>• dit lekker is om as gesin saam te wees.<br>• sy nie haar kinders regtig ken nie.<br>• tyd saam met jou kinders kosbaar is<br>• sy verkeerde keuses gemaak het.<br>• 'n ma se voorkoms/beroep nie belangriker as haar kinders is nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 2.22 | Ja.<br>• Geen pa behoort 'n afwesige pa te wees nie.<br>• 'n Pa moet deel van sy kinders se lewens wees.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Dit het Mana gepas dat Gavin nie regtig deel van hulle lewens was nie.<br>• Mana het nie van Gavin verwag om 'n pa vir Hanna te wees nie./Mana wou nie 'n man hê nie.<br>• Gavin was besig/het dikwels oorsee gegaan.<br>• Daar was iemand anders/'n stiefpa.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| | | | |
| 2.23 | Dit was die regte woorde, want ...<br>• Margot het 'n lae selfbeeld gehad/min van haarself gedink.<br>• Margot het gedink dat sy die hele tyd moes voorgee om iemand te wees wat sy nie was nie.<br>• Margot het nie grimering nodig gehad om spesiaal te wees nie.<br>• Margot moes leer dat 'n mens se voorkoms nie so belangrik is nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 2.24 | • Dit is hoe jongmense praat.<br>• Die karakters is gewone mense/praat soos gewone mense.<br>• Die storie word op informele wyse aangebied.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | **[35]** | |

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Mama Meeu | 1 | 1 |
| | | | |
| 3.2.1 | (Aan) Kinnie/Veronica kuiper/Jannerik se (oorlede) dogter | 1 | 1 |
| | | | |
| 3.2.2 | • 'n Borslappie<br>• Babasokkies<br>• 'n Bababaadjie<br>• 'n Paar oorbelle<br>• Prentjies<br>• 'n Bybel<br>• 'n Wekkertjie<br>(Enige DRIE) | 3 | 1 |
| | | | |
| 3.3.1 | naam | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.3.2 | antwoord | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.4 | • Janka was nie haar eie kind nie./Janka was Kinnie se baba.<br>• Haar eie kind is (kort na geboorte) dood.<br>• Die babas is omgeruil.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.5 | • A<br>• Dit versterk Jacob se standpunt.<br>• A Dit versterk Jacob se standpunt.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.6 | Kersvader | 1 | 1 |
| | | | |
| 3.7 | kontras | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.8 | • Jacob was kwaad.<br>• Jacob het aggressief gereageer.<br>• Jacob het die geweer gegryp.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br>Aanvaar ook ander antwoorde wat dui op wat Jacob gedoen het toe hy die ennjin gehoor het, bv. vir Daniel geroep.) | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.9 | Janka is geskiet. | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.10.1 | • B<br>• Fred<br>• B Fred<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 3.10.2 | • E<br>• Ryna<br>• E Ryna<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.10.3 | • A<br>• Skalla<br>• A Skalla<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.10.4 | • C<br>• Elsabet<br>• C Elsabet<br>(Enige EEN)<br>LW: die onverklaarbaarheid dui daarop dat die karakters op Meeuland nie geweet het WAAROM Elsabet dit op die boot gewaag het nie.) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.11 | Ek sou vir Jacob gesê het dat:<br>• Ryna gebly het omdat sy vir hom lief was (en nie oor Janka nie).<br>• hy dankbaar behoort te wees vir iemand soos Ryna in sy lewe.<br>• hy Ryna as lojale mens moes waardeer.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | | |
| 3.12 | Jacob het uitgevind wat in Ryna se verlede gebeur het.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde)<br>(Kandidaat mag ook verwys na feite uit Ryna se verlede) | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.13 | • Prof. Van Keulen<br>• Ryna se vorige werkgewer<br>• Ryna se "Kaapse kêrel"<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| | | | |
| 3.14 | Ja.<br>• Dit sou genesing gebring het om daaroor te praat.<br>• Jacob sou my dan van die begin af beter verstaan het.<br>• Dit is (vir my) maklik om met 'n vreemdeling te praat.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Jacob was aan die begin onbeskof/ontoeganklik.<br>• Jacob het nie enige gesprekke aangemoedig nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 3.15 | • Jacob was bly dat Ryna besluit het om 'n nuwe lewe op Meeuland te begin.<br>• Jacob het (dalk) gevoelens vir haar gehad.<br>• Jacob waardeer Ryna se rol in sy lewe.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.16.1 | • Meeuland sou as guano-eiland sluit.<br>• Jacob sou moes wal toe gaan/op land gaan werk.<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| | | | |
| 3.16.2 | Jacob was ontsteld/kwaad/ongelukkig/hartseer/emosioneel oor die nuus. | 1 | 3 |
| 3.17 | Hansie was ontsteld oor Skalla se dood omdat ...<br>• Jacob vir Skalla se dood verantwoordelik was.<br>• Jacob gevange geneem/aangekla is.<br>• dit haar familie sou ontwrig/Janka sonder haar pa sou moes klaarkom.<br>• Daniel daaroor skuldig gevoel het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.18 | Dit het 'n negatiewe impak gehad, want ...<br>• dit het Jacob se lewe ontwrig/verander.<br>• Jacob moes daarna die spanning van 'n hofsaak verduur.<br>• Jacob moes daarna tronk toe gaan.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.19 | • A<br>• Empatie<br>• A Empatie<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.20 | vertroos | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.21 | • Jacob was die grootmens/het sy eie besluite geneem.<br>• Daniel was net 'n kind.<br>• Daniel se bedoeling was dat hulle Skalla polisie toe sou neem.<br>• Daniel kon nie voorsien hoe die gebeure sou ontvou nie.<br>• Daniel wou maar net verseker dat Skalla nie sou wegkom nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 3.22 | • Skalla was opreg hartseer op Elsabet se begrafnis.<br>• Skalla het skuldig gevoel oor Elsabet se dood (en het probeer om selfdood te pleeg).<br>• Skalla het vir sy pa gesê dat hy jammer was dat hy vir Janka geskiet het (en beklemtoon dat dit 'n ongeluk was).<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.23 | Die straf was te swaar, want ...<br>• Jacob het vir Skalla uit selfverdediging doodgemaak.<br>• Jacob het vir Skalla sonder 'n wapen gaan konfronteer.<br>• daar was versagtende omstandighede (kandidate kan voorbeelde hiervan noem, bv. jarelange treitering).<br>**OF**<br>Die straf was gepas, want ...<br>• Jacob het 'n moord gepleeg.<br>• mense kan nie reg in eie hande neem nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die punt gaan net vir die motivering.) | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.24 | • Fred en Ryna het 'n eerlike gesprek in Kaapstad gehad.<br>• Janka is uit die hospitaal ontslaan.<br>• Ryna het teruggegaan huis toe.<br>• Jacob het sy tronkstraf begin uitdien. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| | | **[35]** | |

## VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Sproet | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.2 | Lien wou nie gehad het mense moes haar herken nie./Lien was skaam oor wat sy moes doen.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.3 | desperaat | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.4.1 | Lien se pa/Hy was in die tronk (vir bedrog).<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde)<br>LW: Lien se pa was nie by hulle nie, is te vaag. | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.4.2 | Lien se ma het begin drink.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde)<br>LW: Situasies wat hieruit gespruit het, (bv. maagongesteldheid/nie kosmaak nie, is nie aanvaarbaar nie.) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.5 | Lien het besef sy sou nie 'n prostituut kon wees nie/in 'n *agency* kon werk nie.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.6 | • C<br>• onsensitief.<br>• C onsensitief.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.7 | • Lien se gesin het in 'n woonstel gaan bly.<br>• Lien het vir 'n kort rukkie in die koffiewinkel gewerk.<br>• Lien het by die haarsalon gewerk.<br>• Lien het begin bedel om geld bymekaar te maak. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| | | | |
| 4.8 | Die skoene was 'n praktiese keuse, want dit ...<br>• was goedkoop.<br>• was gemaklik/plat/sag.<br>• moes Lien help om lank te kon staan.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 4.9 | Lien was dankbaar dat die lig groen geslaan het, want ...<br>• Lien/sy het vernederd/ongemaklik/verleë gevoel.<br>• Lien het gevoel dit was 'n situasie wat sy vinnig verby wou hê.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 4.10.1 | oorsee | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.10.2 | kos | 1 | 2 |
| | | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 4.11 | • Lien moes 'n ander plakkaat kry om te bedel./Lien se plakkaat is te deftig.<br>• Lien moes gemakliker skoene kry.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 2 |
| | | | |
| 4.12 | Dit was Lien se (agtiende) verjaardag(partytjie).<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.13 | Tannie Bets het ...<br>• vir Lien na haar woonstel genooi om met haar te gesels.<br>• vir Lien-hulle met huishoudelike takies gehelp.<br>• vir Lien die werk in die koffiewinkel gekry.<br>• Lien aan Dirkie en Donovan voorgestel/gehelp dat Lien by die haarsalon kon gaan werk.<br>• verversings vir die toneelopvoering gemaak.<br>• vir Lien na die kliniek toe gevat.<br>• Lien-hulle se situasie onder die aandag van die predikant gebring.<br>(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde) | 3 | 1 |
| | | | |
| 4.14 | • Lien/Sy het gedink dat die gaste dit nie sou geniet nie.<br>• Lien het gedink die aand sou styf/ongemaklik wees.<br>• Lien/Sy het gedink dat haar ma haar in die verleentheid sou stel/sou drink.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.15 | Die geld wat Lien (vir haar oorsese reis) **gespaar/bymekaar gemaak** het.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.16 | • Wouter het geweet dat Lien geld gespaar het (om oorsee te kon gaan).<br>• Wouter het al voorheen tot die ''Fonds'' bygedra.<br>• Die feit dat Wouter dit gefluister het/nie hardop gesê het nie, het Lien dit laat vermoed.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.17.1 | Braam/Lien se broer | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.17.2 | Lien/Braam se pa/ma<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.18.1 | • E<br>• Tibbey<br>• E Tibbey<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 4.18.2 | • D<br>• Wouter<br>• D<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.18.3 | • A<br>• Miemie<br>• A Miemie<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.18.4 | • C<br>• Roos<br>• C Roos<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.19 | • B<br>• Lien se verskillende gevoelens oor te dra of te beskryf.<br>• B Lien se verskillende gevoelens oor te dra of te beskryf.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.20 | • Dit beklemtoon/dui aan dat Lien se ma nugter was.<br>• Dit beklemtoon/dui aan dat dit vir Lien belangrik was dat haar ma nugter was.<br>• Dit suggereer (die hoop) dat Lien se ma dalk besig was om te herstel.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.21 | tydelik | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.22 | • Dit plaas die roman in konteks.<br>• Dit wys **die verskil** tussen die Joostes se verlede en hede.<br>• Dit wys die gelukkige tye en die ongelukkige tye.<br>• Dit onderskei die inhoud van die video's van die res van die teks.<br>• Dit verskaf inligting oor die gesin se verlede.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 4.23 | Ja.<br>• Baie tieners se gesinslewe is ontwrig/gebroke.<br>• Daar is tieners wie se ouers aan dwelms/drank verslaaf is.<br>• Daar is tieners wie se ouers in die tronk is.<br>• Daar is tieners wat hulle gesinne moet onderhou.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Daar is (baie) tieners wat uit gelukkige/funksionele/bestendige gesinne kom.<br>• Daar is tieners wat geen begrip het van die situasie waarin Lien was nie/wat gaan dink die roman is vergesog/onwaar/onrealisties.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | **[35]** | |
| | | **TOTAAL AFDELING A: 35** | |

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotze

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 5.1 | (Op) Lambertsbaai | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.2.1 | • Poppie se pa was weg oorlog toe.<br>• Poppie se pa het nie goed vir hulle gesorg nie.<br>• Ma Lena het (op De Aar) gaan werk.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.2.2 | • Poppie het net soos haar ouma/ouma Hannie/Ma Lena na haar kleinkind gekyk.<br>• Poppie se skoonouers moes na Poppie se kinders omsien.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.3.1 | komplimenteer | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.3.2 | respekteer | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.4 | • A<br>• versorg<br>• A versorg<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.5 | • Stone was lief vir Poppie.<br>• Stone het sag teenoor Poppie gevoel.<br>• Stone wou Poppie laat voel dat hy haar ondersteun.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.6 | • Dit dui aan dat die ruimte/tyd op die verhoog verander het.<br>• Dit dui 'n nuwe ruimte/tydstip aan.<br>• Dit stel visueel voor wat in die hoofteks gebeur.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.7 | positiewe | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.8 | Poppie en Stone/Hulle het vier dae lank met die trein gery/met 'n trein en 'n bus gery./Hulle het lank gery om daar te kom. | 1 | 3 |
| | | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 5.9 | Ja.<br>• Poppie kon Xhosa praat.<br>• Poppie het die Xhosa tradisies geken.<br>• Poppie was bereid om meer van die tradisies te leer.<br>• Poppie het haar skoonmense/vir Stone gerespekteer.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Poppie was nie 'n Xhosa nie.<br>• Poppie het nie van die Ciskei gekom nie.<br>• Poppie het nie aan toordokters geglo nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 5.10 | Poppie moes ...<br>• eenkant op 'n matjie sit.<br>• (die skoonmense) se kat verdra het.<br>• haar skoonfamilie se manier van kosmaak aanleer. (Aanvaar ook voorbeelde)<br>• dinge op die tradisionele/lang manier doen. (Aanvaar ook voorbeelde)<br>• moes op die landery werk.<br>• moes water aandra.<br>• Poppie het baie nuwe dinge ervaar/geleer.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 5.11 | • Die leser leer so meer van die tradisies.<br>• Die leser kom agter dat tradisies/kultuur 'n belangrike rol in die drama speel.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | | |
| 5.12 | • Na hulle troue het Stone vir Poppie 'n eie huis op die dorp gebou.<br>• Stone en Poppie het by Ma Lena in Elsiesrivier gaan bly.<br>• Stone en Mosie het 'n huis op Jakkalsvlei gebou.<br>• Poppie het haar eie huis in Mdantsane gekry. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| | | | |
| 5.13 | • Poppie se skoonmense is na 'n trustdorpie verskuif.<br>• Poppie se skoonmense het in klein hutjies gebly/kon nie meer in groot hutte bly nie.<br>• Daar was nie plek vir Poppie en haar vyf kinders nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.14 | Rachel was Poppie se Engelse naam. | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.15 | prioriteit | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.16 | Daar moes **'n huis** wees. | 1 | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 5.17.1 | Bonsile | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.17.2 | • Hy het hom van die gesin onttrek/in sy eie kamer gaan slaap.<br>• Hy het gekom en gegaan soos hy lus was/snags laat ingekom.<br>• Hy het 'n meisie swanger gemaak.<br>• Hy was rebels.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.18 | • D<br>• Poppie se gevoel oor die nuwe omgewing te beklemtoon.<br>• D Poppie se gevoel oor die nuwe omgewing te beklemtoon.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.19 | • Daar het stukke sement in die pad gelê.<br>• Die gras was lank.<br>• Die grond was omgedolwe.<br>• Daar was nie plafonne in die huis nie.<br>• Daar was nie krane in die kombuis nie.<br>(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde) | 3 | 1 |
| | | | |
| 5.20.1 | • D<br>• Ouma Hannie<br>• D Ouma Hannie<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.20.2 | • C<br>• Mrs Swanepoel<br>• C Mrs Swanepoel<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.20.3 | • A<br>• Mrs Retief<br>• A Mrs Retief<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.20.4 | • E<br>• Mr Strydom<br>• E Mr Strydom<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.21 | • Poppie het nie met iemand spesifiek gepraat nie.<br>• Poppie het met haarself gepraat.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 5.22 | • Poppie en Stone was nie bymekaar nie.<br>• Poppie kon Stone nie ondersteun toe hy siek was nie.<br>• Stone kon nie vir Poppie ondersteun met die krisisse (oor Bonsile) nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 5.23 | • Moenie moed opgee as dinge vir jou donker lyk nie.<br>• Aanvaar dinge wat jy weet jy nie kan verander nie.<br>• Maak die beste van 'n slegte saak.<br>• Wees aanpasbaar.<br>• Moet nooit moedeloos raak nie.<br>• Hou op veg teen dinge wat jy nie kan verander nie, maar moenie moed opgee nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | | |
| 5.24 | • Die herhaling van "vorentoe gaan".<br>• Die woorde "ek is nog nie afgedood nie".<br>• Die skakeling met die tema dat haar kinders haar staande hou/dat sy alles wat sy doen, vir hulle doen.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | **[35]** | |

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.1 | klavier | 1 | 1 |
| | | | |
| 6.2 | • B<br>• nie kon glo wat hy gesien en gehoor het nie.<br>• B nie kon glo wat hy gesien en gehoor het nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.3.1 | Willem | 1 | 1 |
| | | | |
| 6.3.2 | Willem het (weer) gepraat/begin praat. | 1 | 2 |
| | | | |
| 6.4 | swak verhoudings | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.5 | • Nadat hy (saam met die polisie) na Willem gaan help soek het.<br>• Nadat hy (saam met die polisie) in die skuur was.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br>• Nadat hy die vreemde goed (mag dit individueel noem) in die skuur gesien het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 6.6 | • Tekeninge van 'n slang<br>• Tekeninge van 'n nar se gesig<br>• Tekeninge van 'n hond of draak wat vuur spoeg<br>• 'n Bont tekening<br>• Groot ingekleurde vierkant, sirkel en kruise<br>• Vreemde tekeninge<br>• 'n Bobbejaan se kopbeen<br>• Leeutande<br>• 'n Swart doek oor die tafel<br>(Enige DRIE) | 3 | 1 |
| | | | |
| 6.7 | • Daar was nie bewyse vir hierdie dinge nie.<br>• Dit was net stories.<br>• Hulle het dit nie self gesien nie.<br>• Hulle veroordeeel die gesin sonder dat hulle hulle ken/hulle kant van die storie gehoor het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.8 | Frans het ...<br>• die stories bevraagteken.<br>• die stories met feite verkeerd probeer bewys.<br>• gesê die stories was bog.<br>• die gesin verdedig.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.9 | Hy het dit vir Manuel gegee. | 1 | 1 |
| | | | |
| 6.10.1 | • C<br>• Hendrik<br>• C Hendrik<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.10.2 | • E<br>• Manuel<br>• E Manuel<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.10.3 | • D<br>• Willem<br>• D Willem<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.10.4 | • A<br>• Nollie<br>• A Nollie<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.11 | Ja.<br>• Jan Mol het geskimp dat Frans en Katrien 'n verhouding gehad het/Frans het Katrien beskerm.<br>• Jan Mol het vir Frans uitgelok.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Die stories het niks met Frans te doen gehad nie.<br>• Frans was nie in die begin deel van die gesprekke nie.<br>• Frans was net 'n toeskouer by die gesprekke/moes nie by die stories betrokke geraak het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.12 | • Die McDonald-gesin se verhoudings het verbeter.<br>• Die verhoudings het positief verander.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 6.13 | • Die dominee het die McDonalds by die huis besoek.<br>• Jan Mol het vir Manuel geskiet.<br>• Mense het die McDonalds se huis met klippe gegooi.<br>• Mense het die McDonalds by die Volstruisdans verneder. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| | | | |
| 6.14.1 | teleurgesteld | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.14.2 | ongeduldig | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.15 | (By) Manuel/die nar | 1 | 1 |
| | | | |
| 6.16 | die mense te vermaak. | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.17 | Om om verskoning te vra/jammer te sê. | 1 | 1 |
| | | | |
| 6.18 | • Die musiek was (te) hard.<br>• Die mense het gelag en lawaai/gesels.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 6.19 | • C<br>• versoening<br>• C versoening<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.20 | • In dié uittreksel raak Hendrik en Katrien aan mekaar, ✓ terwyl daar aan die begin feitlik geen fisiese kontak tussen hulle was nie/hulle nie eens by mekaar geslaap het nie. ✓<br>• In die uittreksel lag en gesels Hendrik en Katrien, ✓ terwyl hulle aan die begin skaars met mekaar gepraat het. ✓<br>• In die uittreksel maak Hendrik en Katrien grappies met mekaar, ✓ terwyl hulle aan die begin met mekaar baklei het. ✓<br>• In die uittreksel is hulle verhouding goed✓, terwyl dit aan die begin van diedrama nie goed was nie. ✓<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 3 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.21 | • Dit beklemtoon/versterk die atmosfeer/stemming van vrolikheid/vrede/samehorigheid.<br>• Dit dui op die herstel van verhoudings. | 1 | 4 |
| | | | |
| 6.22 | Manuel het veroorsaak dat die gemeenskap ...<br>• die McDonalds aanvaar het.<br>• nie meer bang was vir mense wat anders is/van hulle verskil nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 6.23 | Die dramaturg beeld Hendrik uit as ...<br>• iemand wat alleen is.<br>• 'n man wie se vrou haar vir iemand anders mooi maak.<br>• iemand wat terugverlang na die verlede/gelukkige tye.<br>• 'n man wat toenadering soek tot sy vrou, maar sy jak hom af.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | | |
| 6.24 | In die slot van die drama het Willem ...<br>• alleen op die windpomp gesit.<br>• nie saam met die res van die gesin gekuier nie.<br>• sy eie musiek gemaak.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | **[35]** | |

## VRAAG 7: *FIELA SE KIND* – Dalene Matthee

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 7.1 | die spook**skip** (van Noetzie) | 1 | 1 |
| | | | |
| 7.2 | • Lukas moes vir Nina gaan soek.<br>• Lukas moes Nina se geld gaan haal.<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| | | | |
| 7.3 | ervaring wou opdoen | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.4 | • aan sy kindertyd<br>• die tyd in die Lange Kloof<br>• toe hy by Fiela gebly het<br>• voordat hy by die Van Rooyens/in die Bos moes gaan woon het<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 7.5 | • C<br>• stereotipeer<br>• C stereotipeer<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.6 | • Lukas het nie sy lewe lank in die Bos gebly nie.<br>• In Fiela se huis was Lukas gewoond daaraan dat mense met mekaar gepraat het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 7.7 | Dit dui Lukas se gedagtes aan.<br>LW: Hy praat nie met homself nie. | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.8 | • *Miss* Weatherbury het ...<br>○ nie vir Lukas geglo nie/Nina se storie geglo.<br>○ gedink dat Lukas kanse gevat het.<br>○ gedink dat Lukas net Nina se geld wou gehad het.<br>• *Miss* Weatherbury was geskok by die gedagte dat Nina vir haar kon jok.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 7.9 | • Sy het hulp in die huis nodig gehad.<br>• Sy het gedink sy kon Nina 'n beter kans in die lewe gee/ vir Nina maniere leer/dame van Nina maak. (KERN = kans indie lewe gee)<br>• Sy het Nina vir geselskap/as 'n "companion" in diens geneem.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 3 | 1 |
| | | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 7.10.1 | • Nina was skaam vir haar familie.<br>• Nina wou niks met haar familie te doen hê nie./Nina wou wegbreek uit die Bos.<br>• Nina wou nie hê hulle moes haar geld kry nie.<br>• Nina het maklik leuens vertel.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.10.2 | Ja.<br>• Nina wou nie langer gehad het dat haar pa haar geld moes vat nie.<br>• Nina wou nie gehad het dat haar familie moes weet waar sy was nie./Wou haar eie lewe lei.<br>• Nina was skaam vir haar familie.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Nina kon die kans verloor om uit haar omstandighede gehelp te word/haar werk verloor.<br>• Miss Weatherbury wou Nina help./Dis nie reg om iemand wat jou wil help, te bedrieg nie.<br>• Dis nooit reg om oneerlik te wees nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 7.11 | • Hierna het Lukas nie weer teruggegaan Bos toe/na die Van Rooyens toe om daar te gaan bly nie.<br>• Hierna het Lukas by Kaliel begin werk.<br>• Lukas het besef die see is belangrik vir hom.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.12.1 | • C<br>• Fiela<br>• C Fiela<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.12.2 | • A<br>• Nina<br>• A Nina<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.12.3 | • E<br>• Barta<br>• E Barta<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.12.4 | • D<br>• Miss Weatherbury<br>• D Miss Weatherbury<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |

Kopiereg voorbehou

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 7.13 | • Lukas het besef dat hy verlief was op sy suster.<br>• Lukas het gehoor dat sy broer, Dawid, dood is.<br>• Lukas het Barta gekonfronteer om die waarheid te vertel.<br>• Lukas kon self besluit dat hy 'n Komoetie was. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| | | | |
| 7.14.1 | • Tollie was in die tronk.<br>• Tollie het iemand met 'n mes gesteek.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 7.14.2 | • Fiela het vir Nina aanvaar.<br>• Fiela het geweet Nina is belangrik.<br>• Fiela het nie geglo dat Nina Benjamin se bloedsuster was nie.<br>• Fiela sou 'n verhouding tussen Benjamin en Nina goedkeur.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.15 | (Lukas was) 'n roeier. | 1 | 1 |
| | | | |
| 7.16 | Kaliel | 1 | 1 |
| | | | |
| 7.17 | wou beklemtoon | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.18.1 | hardwerkend | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.18.2 | aggressief | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.19 | • A<br>• weet wie en wat hy is.<br>• A weet wie en wat hy is.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.20 | John Benn het ...<br>• Lukas gekomplimenteer.<br>• het in Lukas belanggestel/vrae oor Lukas se lewe gevra.<br>• het effens in sy baard geglimlag.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.21 | Lukas was 'n harde/goeie/betroubare werker/roeier. | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.22 | Die leser hoop dat Lukas en Nina ...<br>• bymekaar gaan uitkom.<br>• hulle liefde vir mekaar gaan verklaar.<br>• Na Fiela-hulle toe sou gaan.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | | |

Kopiereg voorbehou 

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 7.23 | • Elke mens moet sy eie identiteit soek/vind.<br>• Elke mens moet 'n keuse maak oor wie/wat hy is.<br>• Elke mens moet aanvaar wie of wat hy is.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | | |
| 7.24 | Lukas het aangekondig dat sy naam Benjamin Komoetie was/hy Fiela se kind was. | 1 | 3 |
| | | **[35]** | |
| | | | **TOTAAL AFDELING B: 35** |

## AFDELING C: KORTVERHALE

### *SPIEËLBEELDE*

### VRAAG 8

8.1 **"ROEP VAN DIE VLEIKUIKEN" – Margaret Bakkes**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 8.1.1 | 'n Motorfiets het hom raakgery.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 8.1.2 | • Sy vriende het (al) minder geword.<br>• Sy meisie het hom gelos.<br>• Hy moes vir baie maande/lank in gips/op krukke loop/pyn verduur.<br>• Hy kon nie dadelik gaan studeer nie.<br>• Daar was baie dinge wat hy nie kon doen nie/kon nie kerk toe gaan nie/kon nie fliek toe gaan nie.<br>• Hy moes 'n ernstige operasie ondergaan.<br>• Hy kon nie Weermag toe gaan nie.<br>• Sy ma het hom gefrustreer.<br>(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde) | 3 | 1 |
| | | | |
| 8.1.3(a) | Die jong man se broer/sy broer. | 1 | 1 |
| | | | |
| 8.1.3(b) | • Hy het kennis/ervaring van spoorsny gehad.<br>• Sy liefde vir/kennis van die natuur/seekoeie/olifante sou hom in die werk kon help.<br>• Hy het ervaring as natuurbewaarder gehad.<br>• Die dissipline/sterk gedragskode van die Weermag het hom goed voorberei.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.1.4 | • Sy ma moes hom verpleeg/versorg.<br>• Sy ma moes hom rondry.<br>• Sy ma moes seker maak dat hy nie op sy (beseerde) been trap nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.1.5 | • Sy pa het verstaan dat hy na die matriekeksamen 'n vakansie nodig gehad het.<br>• Sy pa het (met die dokter) gereël dat sy operasie uitgestel kon word.<br>• Sy pa het vir hom studentewerk in die wildtuin gekry.<br>• Sy pa het voorgestel dat hy verder gaan studeer.<br>• Sy pa het vir hom 'n (ou) bakkie gegee.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 4 |
| | | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 8.1.6 | • Die jongman het vir 'n week vakansie op 'n wildsplaas gehou.<br>• Die jongman het studentewerk in die wildtuin gedoen.<br>• Die jongman het sy kadetjaar as natuurbewaarder gedoen.<br>• Die jongman het as spoorsnyer in die Caprivi gewerk. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| | | | |
| 8.1.7 | • B<br>• veilig in sy eie blyplek sou voel.<br>• B veilig in sy eie blyplek sou voel.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.1.8 | van swaarkry | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.1.9 | • Die verteller verwys nie na iemand met die naam Nina nie.<br>• Die verteller verwys nie na 'n spesifieke persoon nie.<br>• Dit kan enige meisie wees.<br>• Dit kan 'n meisie soos Nina wees.<br>• Dit verwys nie na die Nina wat hom gelos het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 8.1.10 | • Die roep van die natuur/ongerepte wêreld<br>• Die soeke na die sin van die lewe.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |

8.2 **"DIE BALLADE VAN ROBBIE DE WEE" – Deon Meyer**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 8.2.1 | Hy was Robbie se bestuurder/promotor/(musiek)agent. | 1 | 1 |
| | | | |
| 8.2.2(a) | Die vrou wat saam met hom was, is dood.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 8.2.2(b) | • Hulle het mekaar vertrou.<br>• Robbie het geweet Len sou hom help.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.2.3 | • B<br>• skep spanning in hierdie kortverhaal.<br>• B skep spanning in hierdie kortverhaal.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.2.4 | ongewoon | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.2.5 | • Robbie was paniekerig.<br>• Sy was onbelangrik./Sy was net een van baie meisies.<br>• Dit was nie vir hom nodig om te weet wie sy was nie.<br>• Sy was vir hom 'n vreemdeling.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.2.6 | Hy het haar versmoor/kussing oor haar gesig gedruk totdat sy ophou asemhaal het. | 1 | 1 |
| | | | |
| 8.2.7 | Invalshoek 1: Kandidaat noem WAT Len verkeerd gedoen het<br>• Hy het die wet oortree.<br>• Dit was dwarsboming van die gereg.<br>• Hy het 'n ernstige misdaad so probeer verbloem/wegsteek.<br>• Hy het 'n moordenaar/Robbie verkeerdelik beskerm/nie laat boet vir sy wandaad nie.<br>Invalshoek 2: Kandidaat sê WAT LEN EINTLIK MOES DOEN, bv.<br>• Dit was verkeerd van Len om van die lyk ontslae te raak, want hy mos die polisie gebel het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 8.2.8(a) | • E<br>• Wolraad de Wee<br>• E Wolraad de Wee<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.2.8(b) | • D<br>• Marie de Wee<br>• D Marie de Wee<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.2.8(c) | • A<br>• Clarissa Blom<br>• A Clarissa Blom<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.2.8(d) | • B<br>• Cybelene<br>• B Cybelene<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.2.9 | Len/die verteller | 1 | 1 |
| | | | |
| 8.2.10 | depressie<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 8.2.11(a) | musiek | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.2.11(b) | misdaad | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.2.12 | Ja.<br>• Daar word dadelik/van die begin af spanning geskep.<br>• Dit het 'n verrassende slot.<br>• Die leser weet nie wat gaan gebeur het nie/wonder die hele tyd wat gaan gebeur.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Die verhaal is langdradig/vervelig.<br>• Die struktuur maak die verhaal moeilik om te verstaan.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 8.2.13 | Die verteller ...<br>• beskryf Robbie as 'n sensitiewe wese.<br>• beskryf sy uiterlike as engelagtig.<br>• verwys na Robbie se onskuld/kinderlikheid/aardsheid/ jong ouderdom/nederigheid.<br>• sluit detail oor Robbie se traumatiese/moeilike/hartseer kinderlewe in.<br>• beeld Robbie as gemolesteerde/verwaarloosde kind uit. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | **[35]** | |
| | | | **TOTAAL AFDELING C: 35** |

## AFDELING D: GEDIGTE

## *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

## VRAAG 9

9.1 **"HUISKAT" – Elizabeth Eybers**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 9.1.1 | Italiaanse | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.1.2 | • Die kat/Sy strek (hoog op vier strak bene)<br>• Die kat/Sy buig (behaaglik)<br>• Die kat /Sy lek (haar luiperdlies)<br>• LW: Die kandidaat kan nie net die twee reëls aanhaal nie. Ons gee die 2 versreëls. | 3 | 2 |
| | | | |
| 9.1.3 | luiperd/"luiperd" | 1 | 2 |
| | | | |
| 9.1.4 | fluwelig/"fluwelig" | 1 | 2 |
| | | | |
| 9.1.5 | • Dit beklemtoon dat die kat uitgestrek lê.<br>• Dit vertraag die tempo waarteen die reël gelees word sodat die uitgestrektheid van die kat amper gesien kan word.<br>(Enige EEN of sootgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 9.1.6 | driehoek/driehoekig | 1 | 2 |
| | | | |
| 9.1.7 | • B<br>• se natuurlike siklus verander.<br>• B se natuurlike siklus verander.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.1.8(a) | liefdelose | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.1.8(b) | versigtige | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.1.9(a) | • C<br>• "... skerwe van agaat ..."<br>• C "... skerwe van agaat ..."<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.1.9(b) | • A<br>• "... **b**uig **b**ehaaglik ..."<br>• A "... **b**uig **b**ehaaglik ..."<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 9.1.9(c) | • D<br>• "... vloeibaar, soos 'n blink reptiel ..."<br>• D "... vloeibaar, soos 'n blink reptiel ..."<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.1.9(d) | • B<br>• "dat keel en bors en buik die son kan suig."<br>• B "dat keel en bors en buik die son kan suig."<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.1.10(a) | smalend/"smalend" | 1 | 2 |
| | | | |
| 9.1.10(b) | • Die kat ignoreer die mens.<br>• Die kat wil nie gestreel word nie/vermy die mens se greep.<br>• Die kat weier die mens se toenadering/kronkel verby die mens se hand.<br>(Enige EEN) LW: greep/kronkel word gebruik, maar in eie sin. | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.1.11 | • Die kat het nie 'n eie/spesifieke naam nie.<br>• Die kat se naam is net "kat".<br>• Die titel praat net van "Huiskat".<br>• Die woorde "en anoniem" staan voor in reël 6.<br>• "kat" en "Huiskat" en "anoniem" - die idee van anonimiteit word 3x herhaal.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |

9.2 **"DIE BOODSKAPPER" – Johann de Lange**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 9.2.1(a) | die aandster/Venus/die (helderste) ster | 1 | 1 |
| | | | |
| 9.2.1(b) | Die spreker is lief vir haar/sy geliefde/'n Boodskap van liefde/Die boodskap wat die spreker vir sy geliefde wil stuur | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.2.2 | (Die) ek-spreker/eerstepersoonspreker<br>LW: As konsessie kan ons hierdie eksamen aanvaar indien die kandidaat van verteller in plaas van spreker praat mits ek-/eerstepersoons- deel daarvan uitmaak. | 1 | 1 |
| | | | |
| 9.2.3 | romanse | 1 | 3 |
| | | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 9.2.4 | djy's die spoed van 'n gedagte/"djy's die spoed van 'n gedagte" | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.2.5 | weg/"weg" | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.2.6 | • Hy/Sy moes die brief vat.<br>• Hy/Sy moes sy/haar hand uitsteek en die briefie vat.<br>• Hy/Sy moes dit (by Venus) gaan haal.<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| | | | |
| 9.2.7 | • C<br>• Die spreker los vir die geliefde 'n boodskap by Venus.<br>• C Die spreker los vir die geliefde 'n boodskap by Venus.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.2.8 | • Daar is nie 'n vaste rymskema nie.<br>• Daar is min leestekens.<br>• Daar is baie enjambement.<br>• Daar is nie 'n vaste strofebou nie.<br>• Die strofes en versreëls is nie ewe lank nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.2.9 | • Venus is die godin/planeet van liefde.<br>• Venus sluit by die romantiese gedagte aan.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br>LW: As konsessie aanvaar ons god in plaas van godin. | 1 | 4 |
| | | | |
| 9.2.10 | • Dit (Kaaps) is 'n dialek van Afrikaans.<br>• Baie mense praat hierdie dialek.<br>• Dit sluit aan by die gedagte van die vrye vers.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 9.2.11 | Ja.<br>• Dis persoonlik/romanties.<br>• Dit is iets anders.<br>• Dis in die persoon se eie handskrif geskryf.<br>• Die persoon doen moeite met die briefie.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Dis outyds.<br>• Deesdae gebruik ons tegnologie.<br>• Dit is te stadig.<br>• Ek wil die briefie direk van my geliefde ontvang (uit sy/haar hand).<br>• Ek glo nie in liefde nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 9.2.12 | Met 'n soentjie (op die omslag) | 1 | 5 |
| | | | |
| 9.2.13 | • Die aandster het die spreker aan die geliefde herinner.<br>• Die spreker het aan die geliefde gedink.<br>• Die spreker het vir die geliefde 'n briefie geskryf.<br>• Die spreker het vir die geliefde vertel waar die briefie was. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| | | **[35]** | |
| **TOTAAL AFDELING D: 35** | | | |
| **GROOTTOTAAL: 70** | | | |